



Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering • URhulumente weNtshona Koloni

PROVINCE OF WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

# Provincial Gazette

8584

Friday, 22 April 2022

# Provinsiale Roerant

8584

Vrydag, 22 April 2022

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

## CONTENTS

(\*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

No.	Page
<b>Provincial Notices</b>	
46 Western Cape Government: Call for Nominations to Fill Vacancies on the Board of Wesgro .....	206
47 Western Cape Nature Conservation Board: Intention to Lay a Marine Telecommunications System on the Seashore at Duynefontein Beach .....	209
48 Western Cape Nature Conservation Board: Intention to Lay a Marine Telecommunications System on the Seashore at Yzerfontein Beach .....	210
<b>Tenders:</b>	
Notices.....	212
<b>Local Authorities</b>	
Cape Agulhas Municipality: Inspection of the Supplementary Valuation Roll 2021/2022 and Lodging of Objections .....	213
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	214
Knysna Municipality: Removal of Restrictions .....	218
Saldanha Bay Municipality: Amendment of Restriction .....	213
Swartland Municipality: Removal of Restrictions .....	212
Western Cape Gambling and Racing Board: Notice .....	215
Western Cape Gambling and Racing Board: Official Notice .....	214
Western Cape Gambling and Racing Board: Official Notice .....	216

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

## INHOUD

(\*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

Nr.	Bladsy
<b>Provinsiale Kennisgewings</b>	
46 Wes-Kaapse Regering: Versoek vir Benoemings om Vakature te Vul in die Raad van Wesgro .....	207
47 Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad: Voorneme om 'n Mariene Telekommunikasiestelsel by Duynefontein Strand neer te lê .....	209
48 Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad: Voorneme om 'n Mariene Telekommunikasiestelsel by Yzerfontein Strand te lê .....	211
<b>Tenders:</b>	
Kennisgewings .....	212
<b>Plaaslike Owerhede</b>	
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Inspeksie van die Aanvullende Waardasielys 2021/2022 en Indien van Besware.....	213
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes .....	214
Knysna Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	218
Saldanhabaai Munisipaliteit: Wysiging van Beperking .....	213
Swartland Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	212
Wes-Kaapse Raad op Dobbelaary en Wedrenne: Kennisgewing .....	215
Wes-Kaapse Raad op Dobbelaary en Wedrenne: Amtelike Kennisgewing .....	214
Wes-Kaapse Raad op Dobbelaary en Wedrenne: Amtelike Kennisgewing .....	217

**PROVINCIAL NOTICE**

The following Provincial Notice is published for general information.

DR H.C. MALILA,  
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,  
Wale Street,  
Cape Town.

**PROVINSIALE KENNISGEWING**

Die volgende Proviniale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

DR H.C. MALILA,  
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,  
Waalstraat,  
Kaapstad.

**ISAZISO SEPHONDO**

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

GQIR H.C. MALILA,  
MLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,  
Wale Street,  
eKapa.

P.N. 46/2022

22 April 2022



**Western Cape  
Government  
FOR YOU**

**PROVINCIAL NOTICE****IMPORTANT NOTICE****CALL FOR NOMINATIONS TO FILL VACANCIES  
ON THE BOARD OF WESGRO**

In terms of Sections, 5 and 6 of the Western Cape Investment and Trade Promotion Agency Act, 1996 (Act 3 of 1996), hereafter referred to as "the Act", the Western Cape Minister of Finance, Economic Opportunities, Mr David Maynier, in consultation with the Executive Mayor of the City of Cape Town, Mr Geordin Hill-Lewis, invites interested parties to submit the names of fit and proper persons to be considered for appointment to the Board of the Western Cape Tourism, Trade and Investment Promotion Agency (Wesgro). There is currently two vacancies on the Board. This appointment will be made in terms of Section 3 of the Act and concerns the filling of any vacancies. In terms of Section 3(2)(c) subject to subsection (3), no more than ten directors must be appointed by the Minister.

To be eligible for appointment, nominees must comply with the criteria set out in subsections 3(4)(b), 3(5) and 3(6) of the Act, which read as follows:

- 3(4) (b) The directors of the Board must, in addition to meeting the criteria contemplated by subsection(5), occupy a leadership position and have proven leadership abilities.
- 3(5) Any director, including an ex officio director, must—
  - (a) have knowledge of tourism, trade and investment;
  - (b) have experience in the promotion of tourism, trade and investment;
  - (c) be able to contribute to the integrated and coordinated marketing of the Province's business image;
  - (d) reside permanently in the Province; and
  - (e) be a fit and proper person.
- (6) The Minister must give due consideration to the need for the Board to reflect broadly the demographic composition of the Province.

Shortlisted nominees must be willing to submit to financial and background vetting as a condition to the appointment. In terms of Section 3A of the Act, the successful nominee will be expected to serve for the remaining period of office of the current Board. His or her responsibilities will include attending the annual general meeting and the meetings of the Board held in such fashion and at such times as set out in the constitution, as well as other duties and functions specified in the Act.

Nominations must be submitted on the prescribed nomination form and be accompanied by a comprehensive curriculum vitae of the nominee. Nomination forms are available from [Khuselwa.Ncwana@westerncape.gov.za](mailto:Khuselwa.Ncwana@westerncape.gov.za) or the Western Cape Government website ([www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za)).

Applications must be marked "Wesgro Board Nomination" for the attention of Ms Ilse van Schalkwyk and sent to the Chief Director: Economic Sector Support by one of the following means:

- By post: PO Box 979, Cape Town, 8000.
- By hand: 10th Floor, Waldorf Building, 80 St George's Mall, Cape Town.
- By email: [Khuselwa.Ncwana@westerncape.gov.za](mailto:Khuselwa.Ncwana@westerncape.gov.za) with the subject line "Wesgro Board Nomination".

All nominations will be treated as strictly confidential. Nominations must be received on or before 12:00 on 13 May 2022. No incomplete nominations or nominations received after 12:00 on the specified date will be considered.

Enquiries: Ilse van Schalkwyk, tel. 021 483 9494 or Khuselwa Ncwana, tel. 021 483 9102.

Note: **Nominations close at 12:00 on 13 May 2022** The Western Cape Investment and Trade Promotion Agency Act, 1996 (Act 3 of 1996) (as amended) and the nomination forms are available at [www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za).

## PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 46/2022

22 April 2022



**Wes-Kaapse  
Regering**  
**VIR JOU**

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## VERSOEK VIR BENOEMINGS OM VAKATURE TE VUL IN DIE RAAD VAN WESGRO

Ingevolge Artikels 5 en 6 van die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996), voortaan bekend as "die Wet", nooi die Wes-Kaapse Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, Mnr David Maynier, in oorleg met die Uitvoerende Burgemeester van die Stad Kaapstad, Mnr. Geordin Hill-Lewis, belangstellende partye om die name van gesikte en paslike persone voor te lê wat vir aanstelling op die Raad van die Wes-Kaapse Toerisme, Handels- en Investeringsbevorderingsagentskap (Wesgro) oorweeg moet word. Hierdie aanstelling sal ingevolge Artikel 3 van die Wet gemaak word en behels die vulling van enige vakature, tans is daar twee vakature. Ingevolge Artikel 3(2)(c), onderhewig aan subartikel (3), moet nie meer as tien direkteure deur die Minister aangestel word nie.

Ten einde vir aanstelling in aanmerking te kom, moet benoemdes voldoen aan die kriteria uiteengesit in subartikels 3(4)(b), 3(5)en 3(6)van die Wet, wat as volg lees:

- 3(4) (b) Die direkteure van die Raad moet, afgesien van voldoening aan die kriteria in subartikel(5) gestel, 'n leierskapsposisie beklee en oor bewese leierskapsvermoë beskik.
- 3(5) Enige direkteur, insluitende 'n ex officio direkteur, moet—
  - (a) oor kennis van toerisme, handel en investering beskik;
  - (b) oor ondervinding in die bevordering van toerisme, handel en investering beskik;
  - (c) in staat wees om by te dra tot die geïntegreerde en gekoördineerde bemerkning van die Provinse se sakebeeld;
  - (d) permanent woonagtig wees in die Provinse; en
  - (e) 'n gesikte en paslike persoon wees.
- (6) Die Minister moet gepaste oorweging skenk aan die noodsaaklikheid van die Raad om breedweg die demografiese samestelling van die Provinse te verteenwoordig.

Sy of haar verantwoordelikhede sal insluit bywoning van die algemene jaarvergadering en die vergaderings van die Raad gehou op sodanige wyse en op tye soos in die grondwet bepaal, asook ander pligte en funksies wat in die Wet gespesifieer word.

Benoemings moet voorgelê word op die voorgeskrewe benoemingsvorm en vergesel wees van 'n omvattende curriculum vitae van die benoemde. Benoemingsvorms is verkrybaar by Khuselwa Ncwana (Khuselwa.Ncwana@westerncape.gov.za) of by die Wes-Kaapse Regering se webtuiste ([www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za)).

Aansoeke moet gemerk word "Wesgro Raadsbenoeming" vir die aandag van me. Ilse van Schalkwyk en op een van die volgende wyses aan die Hoofdirekteur: Ekonomiese Sektor-ontwikkeling gerig word:

- Per pos: Posbus 979, Kaapstad, 8000.
- Per hand: 10de Vloer, Waldorfgebou, St. George-wandellaan 80, Kaapstad.
- Per e-pos: Khuselwa.Ncwana@westerncape.gov.za met die onderwerp "Wesgro Raadsbenoeming".

Alle benoemings sal as streng vertroulik hanteer word. Benoemings moet op of vóór 12:00 op 13 Mei 2022 ontvang word. Geen onvolledige benoemings of benoemings wat ná 12:00 op die spesifieke datum ontvang word, sal oorweeg word nie.

Navrae: Ilse van Schalkwyk tel. 021 483 9494 of Khuselwa Ncwana, tel. 021 483 9102.

Let wel: **Benoemings sluit om 12:00 op 13 Mei 2022.** Die Wet op Wes-Kaapse Handels- en Investeringsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) en die benoemingsvorms is beskikbaar by [www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za).

**ISAZISO SEPHONDO**

I.S. 46/2022

22 kuTshazimpuzi 2022



**URhulumente  
weNtshona Koloni**  
**NGO WAKHO**

# **ISAZISO ESIBALULEKILEYO**

## **IKHWELO LOTYUMBO LOKUGCWALISA ISITHUBA ESINYE KWIBHODI YE-ARHENTE YOKHUTHAZO LOKHENKETHO, URHWEBO NOTYALO-MALI ENTSHONA KOLONI (WESGRO)**

Ngokwemiqathango yecandelo 5 necandelo 6 oMthetho iWestern Cape Investment and Trade Promotion Agency Law Act, 1996 ('UMthetho 3 ka-1996) obizwa apha ngokuba "nguMthetho", uMphathiswa Wezezimali kune namathuba ezoQoqosho weNtshona Koloni, uMnu David Maynier, ekunye noSodolophu oLawulayo weSixeko saseKapa, uMnu Geordin Hill-Lewis, bahlaba ikhwelo kubo bonke abanomdla ukuba bafake igama lomntu abacinga ukuba ukulungele yaye uya kufaneleka ukuqeshwa kwibhodi ye-Arhente yokuKhuthaza uKhenketho, urhwebo noTyalo-mali yeNtshona Koloni (i-Wesgro). Olu tyumbo luya kwenziva ngokwemiqathango yeCandelo 3 loMthetho yaye sisithuba esinye nje kuphela esi. Ngokwemiqathango yecandelo 3(2) (c) kuxhomekeka kwicandelwana (3), akuvumelekanga ukuba uMphathiswa aqeshe abalawuli abangaphezu kweshumi.

Ukuze ulungele ukungena kule Bhodi, kufuneka abatyunjwa bathobele uluhlu oluxelwe kwicandelwana 3(4)(b), 3(5) necandelwana 3(6) oMthetho afundeka ngolu hlolo:

- 3(4) (b) Aba Balawuli beBhodi kufuneka ukuba, phezu kokuba bethe bayifezekisa le miqathango ikhankanywe kwicandelwana (5), babe ngabantu abakwizihlalo zobunkokeli nabanezakhono zobunkokeli ezivuniweyo.
- 3(5) Nawuphi na umlawuli, kuquka nomlawuli olilungu ngenxa yesikhundla, kufuneka-
  - (a) abe nolwazi ngokhenketho, urhwebo, notyalo-mali;
  - (b) abe namava kukhuthazo lokhenketho, urhwebo notyalo-mali;
  - (c) akwazi ukufaka isandla kwinkqubo zokwazisa ezimanyanisiweyo nezisebenza ngendlela eyiyo ekuthengiseni imbonakalo yePhondo ngokuphathelele kwimicimbi yezoshishino;
  - (d) abe ngummi osisigxina kwiPhondo; kwaye
  - (e) abe ngumtu okulungeleyonofanelekileyo ukuba kwesi sikhundla.
- (6) UMPphathiswa kufuneka eyithathele ingqalelo enkulu imfuneko yokuba iBhodi le mayikubonakalise ukuma kwamanani abantu beli Phondo nezintlu zabo.

Uxanduva lwabo luya kuquka ukuzimasa intlanganiso yonyaka neentlanganiso zeBhodi ezibanjwa ngendlela nangamaxesa andlalwe kumgaqo-siseko, neminye imisebenzi ebalulwe kuMthetho.

Utyumbo kufuneka lube kwifomu emiselwe oko kwaye lukhatshwe yinkcazel ebansi ngezfundo nobomi bomntu lowo (i-CV). Ifomu yotyumbo iyafumaneka kuKhuselwa Ncwana (Khuselwa.Ncwana@westerncape.gov.za) okanye kwiwebhusayithi kaRhulumente weNtshona Koloni ([www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za)).

Izicelo zimele ziphawulwe "Utyumbo IweBhodi ye-Wesgro" kwanokuba ziya kuNks Ilse van Schalkwyk yaye zimele zithunyelwe kuMlawuli oyinTloko: iCandelo leNkxaso yezoQoqosho ngenye yezi ndlela zilandelayo:

- Ngeposi: PO Box 979, Cape Town, 8000.
- Ngesandla: 10th Floor, Waldorf Building, 80 St George's Mall, eKapa.
- Nge-imeyile: Khuselwa.Ncwana@westerncape.gov.za ngomxholo othi "Utyumbo IweBhodi yeWesgro"

Zonke iziphakamiso ziya kuphathwa njengeziyimfihlo ngokungqongqo. Iziphakamiso zotyumbo mazingeniswe ngaphambi kwentsimbi ye-12:00 ngomhla, okanye ngaphambi kwawo, we 13 UCanzibe 2022. Ifomu zotyumbo ezingagcwaliwangwa ngokupheleleyo okanye ezifunyenwe emva kwentsimbi ye-12:00 ngolu suku luchaziweyo azisayi kuqwalaselwa.

Imibuzo mayithunyelwe ku Ilse van Schalkwyk, inombolo yomnxeba 021 483 9494 okanye kuKhuselwa Ncwana, inombolo yomnxeba 021 483 9102.

Qaphela: **Utyumbo luvalwa ngeye-12:00 ngomhla we 13 UCanzibe 2022.** UMthetho iWestern Cape Investment and Trade Promotion Agency Act (njengoko wenziwe izilungiso) neefomu zotyumbo ziyafumaneka kwiwebhusayithi ethi [www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za)

**PROVINCIAL NOTICE****P.N. 47/2022****22 April 2022****WESTERN CAPE NATURE CONSERVATION BOARD****SEA-SHORE ACT, 1935 (ACT NO. 21 OF 1935)****NOTICE OF INTENTION TO LAY A MARINE TELECOMMUNICATIONS SYSTEM ON THE SEASHORE AT DUYNEFONTEIN BEACH**

The Western Cape Nature Conservation Board, hereby gives notice under section 3(5) of the Sea-Shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935) ("the Act"), of the application by MTN (Pty) Ltd to lease a portion of the seashore for the laying of a Marine Telecommunications System (2Africa/GERA (EAST) Cable System) below the high-water mark of the sea at Duynefontein Beach in terms of section 3(1)(m) of the Act.

The proposed plan for the laying of the 2Africa/GERA (EAST) Cable System can be accessed for inspection at the office of the Chief Executive Officer: Western Cape Nature Conservation Board, 5th Floor, PGWC Shared Services Center, cnr Bosduif & Volstruis Streets, Bridgetown, 7764.

Members of the public are requested to submit written representations on or objections to the proposed laying of the Marine Telecommunications System as set out herein, within 30 days from the date of publication of this notice by—

- (i) posting the representations or objections to:

The Chief Executive Officer  
Attention: Ms R Crowe  
CapeNature  
Private Bag X29  
Gatesville 7766;

- (ii) e-mailing the representations or objections to:  
[rcrowe@capenature.co.za](mailto:rcrowe@capenature.co.za);

- (iii) delivering the representations or objections to:

Ms R Crowe  
CapeNature  
Cnr Bosduif and Volstruis Streets  
Bridgetown  
Athlone 7764.

**PROVINSIALE KENNISGEWING****P.K. 47/2022****22 April 2022****WES-KAAPSE NATUURBEWARINGSRAAD****STRANDWET, 1935 (WET NR. 21 VAN 1935)****KENNISGEWING VAN VOORNEME OM 'N MARIENE TELEKOMMUNIKASIESTELSEL BY DUYNEFONTEIN STRAND NEER TE LÊ**

Ingevolge artikel 3(5) van die Strandwet, 1935 (Wet Nr. 21 van 1935) ("die Wet"), gee die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad hiermee kennis van die aansoek deur MTN (Edms.) Bpk. om 'n gedeelte van die strand te huur vir die neerlê van 'n mariene telekommunikasiestelsel (2Africa/GERA (EAST) Cable System) onder die hoogwatermerk van die see by Duynefontein Strand ingevolge artikel 3(1)(m) van die Wet.

Toegang tot die voorgestelde plan om die 2Africa/GERA- (EAST) kabelstelsel neer te lê, kan vir inspeksie verkry word van die kantoor van die Hoof- Uitvoerende Beämpte: Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 5de Verdieping, PGWC Shared Services Center, h.v. Bosduif- en Volstruisstrate, Bridgetown, 7764.

Lede van die publiek word versoek om geskrewe vertoë rakende of besware teen die voorgestelde neerlê van die mariene telekommunikasiestelsel soos hierin uiteengesit binne 30 dae van hierdie kennisgewing se publikasiedatum in te dien deur—

- (i) vertoë of besware per pos te stuur aan:

Die Hoof Uitvoerende Beämpte  
Vir aandag: Me. R Crowe  
CapeNature  
Privaatsak X29  
Gatesville 7766

- (ii) vertoë of besware per e-pos te stuur aan:  
[rcrowe@capenature.co.za](mailto:rcrowe@capenature.co.za)

- (iii) vertoë of besware per hand af te lewer aan:

Me. R Crowe  
CapeNature  
H/v Bosduif- en Volstruisstrate  
Bridgetown  
Athlone 7764.

**ISAZISO SEPHONDO****I.S. 47/2022****22 kuTshazimpuzi 2022****IBHODI YOLONDOLOZO LWENDALO YASENTSHONA KOLONI****UMTHETHO WONXWEME LOLWANDLE KA1935 (UMTHETHO WAMA- 21 KA-1935)****ISAZISO SENJONGO YOKUMISA ISIXOKELELWANO SOTHUNGELWANO NGEENGINGO KUNXWEME LOLWANDLE  
OLUKWIBHITSHI YASE-DUYNEFONTEIN**

IBhodi yoLondolozo Ndalo yaseNtshona Koloni, ngale ndlela inika isaziso phantsi kwecandelo le-3(5) lomThetho woNxweme loLwandle, ka-1935 (umThetho wama-21 ka-1935) ("umThetho"), sesicelo se-MTN (Pty) Ltd sokuqeshisa ngenxenye yonxweme lolwandle ukuze kumiswe iSixokelelwano soThungelwano ngeeNgcingo saseLwandle (2Africa/GERA (EAST) Cable System) ngezantsi kophawu Iwamanzi aphezulu lolwandle lweBhitshi yase-Duynefontein ngokwecandelo le-3(1)(m) lomThetho.

Uyilo olucetywayo lokumiswa kwe-2Africa/GERA (EAST) iSixokelelwano seKheyibhule kunokufikelewa kulo ukuze luhlolwe kwiofisi yeGosa eliyiNtloko yeSigqeba: Western Cape Nature Conservation Board (IBhodi yoLondolozo lweNdalo yaseNtshona Koloni), 5th Floor, PGWC Shared Services Center, cnr Bosduif & Volstruis Streets, Bridgetown, 7764.

Amalungu oluntu ayacelwa ukuba angenise iziphakamiso okanye inkcaso ebhaliwego ngokumiswa lweSixokelelwano soThungelwano ngeeNgcingo saseLwandle esicitywayo njengoko kubekiwe apha kwiintsku ezingama-30 ukusukela kumhla wokupapashwa kwesi saziso ngu—

(i) kuposela iziphakamiso okanye inkcaso ku:

IGosa eliyiNtloko leSigqeba  
Ingqalelo: Ms R Crowe  
CapeNature  
Private Bag X29  
Gatesville 7766;

(ii) thumela nge-imeyile iziphakamiso okanye inkcaso ku:  
rcrowe@capenature.co.za;

(iii) zisa iziphakamiso okanye inkcaso ku:

Ms R Crowe  
CapeNature  
Cnr Bosduif and Volstruis Streets  
Bridgetown  
Athlone 7764.

**PROVINCIAL NOTICE****P.N. 48/2022****22 April 2022****WESTERN CAPE NATURE CONSERVATION BOARD****SEA-SHORE ACT, 1935 (ACT NO. 21 OF 1935)****NOTICE OF INTENTION TO LAY A MARINE TELECOMMUNICATIONS SYSTEM ON THE SEASHORE AT YZERFONTEIN BEACH**

The Western Cape Nature Conservation Board, hereby gives notice under section 3(5) of the Sea-Shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935) ("the Act"), of the application by MTN (Pty) Ltd to lease a portion of the seashore for the laying of a Marine Telecommunications System (2Africa (WEST) Cable System) below the high-water mark of the sea at Yzerfontein Beach in terms of section 3(1)(m) of the Act.

The proposed plan for the laying of the 2Africa (WEST) Cable System can be accessed for inspection at the office of the Chief Executive Officer: Western Cape Nature Conservation Board, 5th Floor, PGWC Shared Services Center, cnr Bosduif & Volstruis Streets, Bridgetown, 7764.

Members of the public are requested to submit written representations on or objections to the proposed construction of the Marine Telecommunications System 2Africa (WEST) Cable System within 30 days from the date of publication of this notice by—

(i) posting the representations or objections to:

The Chief Executive Officer  
Attention: Ms R Crowe  
CapeNature  
Private Bag X29  
Gatesville 7766;

(ii) e-mailing the representations or objections to:  
rcrowe@capenature.co.za;

(iii) delivering the representations or objections to:

Ms R Crowe  
CapeNature  
Cnr Bosduif and Volstruis Streets  
Bridgetown  
Athlone 7764.

**PROVINSIALE KENNISGEWING****P.K. 48/2022****22 April 2022****WES-KAAPSE NATUURBEWARINGSRAAD****STRANDWET, 1935 (WET NR. 21 VAN 1935)****KENNISGEWING VAN VOORNEME OM 'N MARIENE TELEKOMMUNIKASIESTELSEL BY YZERFONTEIN STRAND NEER TE LÊ**

Ingevolge artikel 3(5) van die Strandwet, 1935 (Wet Nr. 21 van 1935) ("die Wet"), gee die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad hiermee kennis van die aansoek deur MTN (Edms.) Bpk. om 'n gedeelte van die strand te huur vir die neerlê van 'n mariene telekommunikasiestelsel (2Africa- (WEST) Cable System) onder die hoogwatermerk van die see by Yzerfontein Strand ingevolge artikel 3(1)(m) van die Wet.

Toegang tot die voorgestelde plan om die 2Africa- (WEST) kabelstelsel neer te lê, kan vir inspeksie verkry word van die kantoor van die Hoof-Uitvoerende Beampte: Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 5de Verdieping, PGWC Shared Services Center, h.v. Bosduif- en Volstruisstraat, Bridge-town, 7764.

Lede van die publiek word versoek om geskrewe vertoë rakende of besware teen die voorgestelde neerlê van die mariene telekommunikasiestelsel 2Africa (WEST) soos hierin uiteengesit binne 30 dae van hierdie kennisgewing se publikasiedatum in te dien deur—

(i) vertoë of besware per pos te stuur aan:

Die Hoof Uitvoerende Beampte  
Vir aandag: Me. R Crowe  
CapeNature  
Privaatsak X29  
Gatesville 7766

(ii) vertoë of besware per e-pos te stuur aan:  
rcrowe@capenature.co.za

(iii) vertoë of besware per hand af te lewer aan:

Me. R Crowe  
CapeNature  
H/v Bosduif- en Volstruisstraat  
Bridgetown  
Athlone 7764.

**ISAZISO SEPHONDO****I.S. 48/2022****22 kuTshazimpuzi 2022****IBHODI YOLONDOLOZO LWENDALO YASENTSHONA KOLONI****UMTHETHO WONXWEME LOLWANDLE KA1935 (UMTHETHO WAMA- 21 KA-1935)****ISAZISO SENJONGO YOKUMISA ISIXOKELELWANO SOTHUNGELWANO NGEENGINGO KUNXWEME LOLWANDLE OLUKWIBHITSHI YASE-YZERFONTEIN**

IBhodi yoLondolozo Ndalo yaseNtshona Koloni, ngale ndlela inika isaziso phantsi kwecandelo le-3(5) lomThetho woNxweme loLwandle, ka-1935 (umThetho wama-21 ka-1935) ("umThetho"), sesicelo se-MTN (Pty) Ltd sokuqeshisa ngenxenye yonxweme lolwandle ukuze kumiswe iSixokelewano soThungelwano ngeeNgcingo saseLwandle (2Africa (WEST) Cable System) ngezantsi kophawu lwamanzi aphezulu lolwandle lweBhitshi yase-Yzerfontein ngokwecandelo le-3(1)(m) lomThetho.

Uyilo olucetywayo lokumiswa kwe-2Africa (WEST) iSixokelewano seKheyibhule kunokufikelelwa kulo ukuze luhlolwe kwifosi yeGosa eliyi-Ntloko yeSigqeba: Western Cape Nature Conservation Board (IBhodi yoLondolozo IweNdalo yaseNtshona Koloni), 5th Floor, PGWC Shared Services Center, cnr Bosduif & Volstruis Streets, Bridgetown, 7764.

Amalungu oluntu ayacelwa ukuba angenise iziphakamiso okanye inkaso ebhaliwego ngolwakhiwo olucetywayo lweSixokelewano soThungelwano ngeeNgcingo saseLwandle (2Africa (WEST) kwiintsku ezingama-30 ukusukela ekupapashweni kwesi saziso ngu—

(i) kuposela iziphakamiso okanye inkaso ku:

IGosa eliyiNtloko leSigqeba  
Ingqalelo: Ms R Crowe  
CapeNature  
Private Bag X29  
Gatesville 7766;

(ii) thumela nge-imeyle iziphakamiso okanye inkaso ku:  
rcrowe@capenature.co.za;

(iii) zisa iziphakamiso okanye inkaso ku:

Ms R Crowe  
CapeNature  
Cnr Bosduif and Volstruis Streets  
Bridgetown  
Athlone 7764.

**TENDERS**

**N.B.** Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

**NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES****SWARTLAND MUNICIPALITY****NOTICE 85/2021/2022****PROPOSED REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE CONDITIONS ON ERF 515, YZERFONTEIN**

Applicant: CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.  
Tel nr. 022-4821845

Owner: 515 On Buitenkant Proprietary Limited, PO Box 211, Malmesbury, 7299  
Tel no. 0822245686

Reference number: 15/3/5-14/Erf\_515

Property description: Erf 515, Yzerfontein

Physical address: Situated in 39 Buitenkant Street, Yzerfontein

*Detailed description of proposal:*

An application for removal of restrictive title conditions on Erf 515, Yzerfontein, in terms of section 25(2)(f) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that restrictive condition C3 and C6(a) of Deed of Transfer T51963/2021 be removed. The application aims to remove a restrictive condition regarding the usage of the property.

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00–13:00 and 13:45–17:00 and Friday 08:00–13:00 and 13:45–15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before **23 May 2022 at 17:00**, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

**J J SCHOLTZ, Municipal Manager**  
Municipal Office  
1 Church Street  
MALMESBURY  
7300

22 April 2022

22191

**TENDERS**

**L.W.** Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatsenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrybaar is.

**KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE****SWARTLAND MUNISIPALITEIT****KENNISGEWING 85/2021/2022****VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES OP ERF 515, YZERFONTEIN**

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4821845

Eienaar: 515 On Buitenkant Proprietary Limited, Posbus 211, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 0822245686

Verwysingsnommer: 15/3/5-14/Erf\_515

Eiendomsbeskrywing: Erf 515, Yzerfontein

Fisiese Adres: Geleë te 39 Buitenkantstraat, Yzerfontein

*Volledige beskrywing van aansoek:*

Die aansoek om opheffing van beperkende voorwaarde op Erf 515, Yzerfontein, ingevolge artikel 25(2)(f) van Swartland Municipality: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel behels dat voorwaardes C3 en C6(a) van Transportakte T51963/2021 opgehef word. Die aansoek het ten doel om beperkende voorwaardes te verwijder rakende die gebruik van die perseel.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 55(1) van Swartland Municipality: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00–13:00 en 13:45–17:00 en Vrydag 08:00–13:00 en 13:45–15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar het sy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **23 Mei 2022 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede aasook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek aasook redes vir u kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Municipality mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

**J J SCHOLTZ, Munisipale Bestuurder**  
Munisipale Kantoor  
Kerkstraat 1  
MALMESBURY  
7300

22 April 2022

22191

### CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

#### NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF THE SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL 2021/2022 AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 6 of 2004 that the Supplementary Valuation Roll for the 2021/22 financial year lies open for public inspection at the various municipal offices and libraries within the municipal boundaries and municipal website [www.capeagulhas.gov.za](http://www.capeagulhas.gov.za) from **29 April 2022 to 31 May 2022**.

NOTICE is further given in terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act, read with Section 78(2), that any owner of property or other person who so desires, may lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from the valuation roll within the above mentioned period.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act, an objection must be in relation to a specific property and not against the valuation roll as such.

The form for the lodging of an objection is obtainable from our offices in Bredasdorp, Struisbaai en Napier and also on the website.

The completed form must be returned to Mrs Carmen Leonard, Cape Agulhas Municipality, PO Box 51, Bredasdorp, 7280. For enquiries please contact Mrs Nelita Viljoen, Janet Teixeira and Lena de Jager at 028 425 5500.

**E O PHILLIPS**  
MUNICIPAL MANAGER  
P O BOX 51  
BREDASDORP  
7280

22 April 2022 22192

### SALDANHA BAY MUNICIPALITY

#### AMENDMENT OF RESTRICTION

Notice is hereby given in terms of Section 33 (7) of the Saldanha Bay Municipal Land Use Planning By-law that the omission of a Restrictive Title Deed Condition (condition 1.4) contained in the title deed, T43674/2014, which reads:

##### Condition III

“AS REGARDS THE WHOLE OF THE PROPERTY SUBJECT to the following conditions in favour of ArcelorMittal South Africa Limited, Registration Number 1989/002164/06 [“AMSA”], as agreed by the parties in the deed of sale dated 14 April 2011 reading as follows:

1. The above properties shall be used solely for the transferee's and its successor in title for its Liquified Petroleum Gas and Fuel Infrastructure activities.
2. The transferee shall not be entitled to sell or otherwise alienate the properties within a period of 5 (five) years from date of commencement of the Liquified Petroleum Gas and Fuel Infrastructure activities on the properties without written consent of the transferor, which consent vests in the transferor's sole discretion.
3. In the event that the transferee sells or otherwise alienates the properties as stated in paragraph 2 above, the transferor reserves the right to purchase the properties at an amount that equals to the purchase price herein plus the value of structural and useful improvements as valued by an independent valuer appointed by the transferor”

##### Condition I.4

“SUBJECT to the conditions referred to in the endorsement dated 27 June 1997 on Deed of Transfer T32524/1973, which endorsement reads as follows:

Kragtens Notariele Akte van Serwituit Nr K661/97S is die restant van die eiendom onderhewigaan die volgende voorwaarde: “shall be used for nature conservation purposes and may be used for other purposes after consultation with the West Coast Peninsula Transitional Council.”

Be omitted under Section 33(1), applicable to Farm 127/65 and Erf 16001 Malmesbury.

22 April 2022 22193

### KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

#### KENNISGEWING VIR INSPEKSIE VAN DIE AANVULLENDE WAARDASIELYS 2021/2022 EN INDIEN VAN BESWARE

